4. Struktuur Van Profesie

1. Die krag in Bybelprofesie

Alhoewel Bybel profesie moontlik die heel kragtigse aspek van die Bybel is, word dit ook die meeste misverstaan. God het die Bybelse waarhede in profesieë opgesluit, sodat net die toegewyde Bybelstudent dit sal kan verstaan. God het dit so gedoen om Sy porfesieë van korupsie te beskerm, deur dit in so 'n vorm te gee dat net die Bybel dit kan ontsluit. Die enigste manier om profesie te ontrafel, is om uit die Bybel die profetiese taal te leer, en dit toe te pas op die inligting wat gegee word.
"Die Here God doen niks as Hy nie sy besluit bekend gemaak het aan sy dienaars die profete nie."
Amos 3:7

2. Bybelse profesie is aan ons gegee vir 5 redes

a. Om te bewys dat Jesus God is.
b. Om te bewys dat die Bybel Goddelik geinspireed is.
c. Om ons te help om te bepaal waar ons in die geskiedenis is.
d. Om die mensdom te help om misleiding vry te spring.
e. Om ons te verseker dat God altyd in beheer is.

3. satan en profesie.

satan is 'n geskape wese en hy kan nie in die toekoms sien nie. Net soos ons moet hy die Bybelse profesieë bestudeer om uit te vind waar ons op die tydlyn van die wêreld is.

"A trip into the supernatural by Roger J Morneau – was at the time a devil worshipper as well as a satanic high priest communicating directly with satan. He became a Christian and wrote a book about what transpired there: "At the beginning of the eighteenth century, satan and his spirit counselors held a great general council to prepare for the industrial age that would soon break upon the world. Satan foresaw that an Age of scientific discovery and intellectual enlightenment would immediately follow upon its heels. It would usher in the end-times, the close of the struggle between the forces of good and evil. Since satan had been studying the prophecies of the Bible, he understood the meaning of Daniel 12:4 that described the time of the end, how many shall run to and fro and how knowledge would be increased. After lengthy deliberations, it closed after having produced plans for deceptions that would disqualify vast numbers of people from Christ"s kingdom. They would then automatically become part of satan"s kingdom. The spirits would encourage people to listen to their feelings instead of the Word of Christ and His prophets. In no surer way could the spirits obtain control
of people"s lives without the individuals realizing what was happening. The spirits would suggest all kinds of erroneous doctrines and ideas and humanity would readily accept them because they felt strongly about them."

Mense vertrou hulle gevoelens eerder as om soos Jesus se voorbeeld te sê: "Daar staan geskrywe". Die hartseer waarheid is dat meeste Christene se kennis van die Bybel baie beperk is.

Profesie is aan ons gegee om ons bewus te maak van satan se misleidings, maar satan hoop dat ons na sal laat om hierdie profesië te bestudeer. As ons dit nalaat open ons die deur vir satan en sy misleidings.

4. Openbaring is nie bedoel om 'n verseêlde boek te wees nie

"Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is."
Openbaring 22:18,19
"Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby."
Openbaring 1:3
"En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby."
Openbaring 1:10

Om profetiese boeke soos Daniël en Openbaring te verstaan, moet ons eers na 'n paar basiese konsepte kyk.

5. Simbole

Om profesieë te verstaan moet ons die simbole in die profesie verstaan.
"terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie;"
2 Petrus 1:20

Ons kan die interpretasie van profetiese simbole in twee groepe verdeel.

a. Maklik

"En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het;" **Openbaring 12:13**. "En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou." **Openbaring 12:17**. "En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het." **Openbaring 12:4**. "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp." **Openbaring 12:9**

b. Moeilik

"Daarna het ek gesien, en kyk, daar was 'n ander een soos 'n luiperd, en dit het vier vlerke van 'n voël op sy rug gehad; ook het die dier vier koppe gehad, en aan hom is heerskappy gegee." Daniël 7:6. "hulle vlerke was aanmekaar verbind. Hulle het nie weggedraai as hulle gaan nie; hulle het elkeen maar reguit vorentoe gegaan." Eségiël 1:9. "En as hulle gaan, het ek die geruis van hulle vlerke gehoor soos die geruis van baie waters, soos die stem van die Almagtige—'n gedruis soos die gedreun van 'n leër. As hulle staan, het hulle hul vlerke laat sak." Eségiël 1:24. "en as die gérubs hulle vlerke ophef om van die grond af op te styg, het die wiele ook nie weggedraai naasaan hulle nie." Eségiël 10:16. "En die gérubs het hulle vlerke opgehef en voor my oë van die grond af opgestyg toe hulle weggetrek het," Eségiël 10:19.

Dit lyk of die vlerke hier in Eségiël 'n aksie of dan beweging voorstel.

6. Rekapitulasie

'n Konsep word herhaal, maar met die herhaling word meer inligting verskaf as die vorige keer. Herhaling verbeter ook ons geheue, en die ekstra inligting help ons om beter te verstaan.

Kom ons gebruik as voorbeeld die beskrywing van die 2de koninkryk is die verskillende hoofstukke.
Daniël hoofstuk 2
"En ná u sal daar 'n ander koninkryk opstaan, geringer as dié van u;" **Daniël 2:39**
Daniël hoofstuk 7
"En kyk, 'n ander dier, 'n tweede, het gelyk soos 'n beer, en is aan die een kant opgerig; en drie ribbes was in sy bek tussen sy tande; en só het hulle vir hom gesê: Staan op, eet baie vleis." **Daniël 7: 5**
Meer inligting oor dieselfde koninkryk as in hoofstuk 2.
Daniël hoofstuk 8
"En ek het my oë opgeslaan en gesien, en kyk, daar staan 'n ram voor die rivier; en hy het twee horings gehad, en die twee horings was hoog, ook was die een hoër as die ander, en die hoogste het laaste uitgekom. Ek het die ram sien stoot na die weste en na die noorde en na die suide, en al die diere kon voor hom nie standhou nie, en daar was niemand wat uit sy mag gered het nie; maar hy het gedoen net wat hy wou, en het magtig geword. Die ram wat jy gesien het met die twee horings, is die konings van die Meders en die Perse." **Daniël 8:3,4,20**
Nog meer inligting oor dieselfde koninkryk as in hoofstukke 2 en 7.

7. Chiasme

"In rhetoric, chiasmus (from the Greek: χιάζω, chiázō, "to shape like the letter X") is the figure of speech in which two or more clauses are related to each other through a reversal of structures in order to make a larger point; that is, the clauses display inverted parallelism. Chiasmus was particularly popular both in Greek and in Latin literature, where it was used to articulate balance or order within a text. As a popular example, many long and complex chiasmi have been found in Shakespeare and the Greek and Hebrew texts of the Bible."
http://en.wikipedia.org/wiki/Chiasmus

Chiasme in een vers

A1. Maak die hart van hierdie volk vet
B1. en maak hulle ore swaar
C1. en bestryk hulle oë,
C2. sodat hulle nie sien met hul oë
B2. en met hul ore nie hoor
A1. en hul hart nie verstaan nie,
Jesaja 6:10

A1. Maar baie wat eerste is,
B1. sal laaste wees,
B2. en wat laaste is,
A2. eerste.
Matthéüs 19:30

A1. Moenie wat heilig is, aan die honde gee nie;
B1. en gooi julle pêrels nie voor die varke nie,
B2. sodat hulle (die varke) dit nie miskien met hulle pote vertrap
A2. en (die honde)omdraai en julle verskeur nie.

Die hele Bybel is ook in hierdie struktuur samgestel.

A1. Genesis 1&2 – Die paradys op die aarde. Alles perfek .Geen sonde.
B1. Genesis 3 – Sonde kom die wêreld in deur satan
.....
.....

B2. Openbaring 20 – Sonde en satan vir altyd vernietig
A2. Openbaring 21&22 – Die paradys herstel. Alles weer perfek. Geen meer sonde nie.

"Chiastic structure (also called chiastic pattern or ring structure) is a literary device[1] for chiasmus applied to narrative motifs, turns of phrase, or whole passages. Various chiastic structures are also seen in the Hebrew Bible and the New Testament, where biblical writers used chiasmus to give meaning to their writings or to highlight details of particular importance. The term chiastic derives from the mid 17th century term chiasmus, which refers to a crosswise arrangement of concepts or words that are repeated in reverse order. Based on the theories of David Dorsey, while considering the lack of punctuation and spaces in the earliest textual sources of the New Testament, David Buckwalter proposes that the chiastic structure of the New Testament is a form of punctuation keyed on the words used in the original Greek texts. In the original Greek, these structures would have been clear to its contemporary audience, however they are not so apparent in modern translations.
Like Dorsey's analyis with the Hebrew Bible, Buckwalter also believes that the New testament chiastic structure serves as a form of interpretive control."
http://en.wikipedia.org/wiki/Chiastic_structure

"In 1978, Joyce G. Baldwin, former principal of Trinity College, Bristol, proposed her view of the chiastic language structure for the Aramaic portion of Daniel chapters 2-7. A. Lenglet also proposed a chiastic language structure for the Aramaic portion of chapters 2 through 7 in 1972. Then in 1986, William H. Shea, Ph.D. in Archeology, expanded on Lenglet's foundation to include the entire book of Daniel. Shea proposed that Daniel is composed of a double chiasm."
http://en.wikipedia.org/wiki/Book_of_Daniel#Double-chiasm_theory

Die Boek Daniël.

Chiasme in die Aremese gedeelte.

A1	B1	C1	C2	B2	A1
Hoofstuk 2	Hoofstuk 3	Hoofstuk 4	Hoofstuk 5	Hoofstuk 6	Hoofstuk 7
Profesie van 4 Wêreld Ryke God se komende Koninkryk	Beproewing deur vuur Gered deur God	'n Koning gewaarsku Nebukadneser Getugtig en verlos	'n Koning gewaarsku Bélsasar Uitdagend en verlore	Beproewing in die leeukuil Gred deur God	Profesie van 4 Wêreld Ryke God se ewige Koninkryk

So A1& A2 kom ooreen. So ook kom B1 en B2 ooreen en ook C1 en C2.

Chiasme in die Hebreeuse gedeelte.

A3	B3	C3	D	C4	B4	A4
Hoofstuk 8	Hoofstuk 9a	Hoofstuk 9:25	Hoofstuk 9:26a	Hoofstuk 9:26b	Hoofstuk 11	Hoofstuk 11-12a
Profesie van Wêreld Ryke Diere offers	Beproewing van God se volk. Gebed om vergifnis (Jerusalem)	Profesie van 'n koning. Jerusalem se herstel voorspel	Jesus sterf sonder iets vir hom	Profesie van 'n koning Jerusalem se vernietiging voorspel	Beproewing van God se volk Rou oor die Tempel.	Profesie van Wêreld Ryke Konings van noorde en suide

So A3& A4 kom ooreen. So ook kom B3 en B4 ooreen en ook C3 en C4.

As altwee dele nou vergelyk word, kom al die A-gedeeltes nou ooreen (A1,A2,A3,A4). So ook al die B-gedeeltes (B1,B2,B3,B4)en C gedeeltes (C1,C2,C3,C4). Deel D is die kern van die hele boek. Die evangelie boodskap. Dat Jesus vir ons sondes moes sterf. Dus het elke mens 'n keuse om dit te aanvaar of te verwerp. Dis ook die kern van hoofstukke 4 en 5. Een koning aanvaar hierdie boodskap, en die ander verwerp die verlossing.

Die Boek Openbaring



Verstaan ons dalk nou openbaring se waarskuwing beter.

"Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is."
Openbaring 22:18,19
"Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen;"
Jasaja 46:9,10

Ten Slotte – NB !!!

Ek het hierdie studie uit die Bybel saamgestel met die lig tans tot my beskikking. Mense kan hiervan verskil en ek sal graag wil weet van **Bybelse** bewyse waar ek dalk mag dwaal of verkeerd is. Laat weet my asseblief by onderstaande kontak besonderhede, sodat ons kan saamwerk om die Woord van God en Sy volle waarheid te kan verkondig. Ek glo ook dat daar nie kopiereg op die Woord van God geplaas kan word nie, so dupliseer en versprei hierdie dokument asseblief as u meen dit is Bybels korrek. Bybeltekse aangehaal uit die Afrikaanse 1953 vertaling.

Fanie Fourie	Selfoon	Fax	E-Pos
Posbus 493	072 500 3934	086 573 3934	fanie@dievollewaarheid.org
Christiana, 2680			